# Lesing 04.09.2018 - Lesing 2 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

Christine Badenhorst op 31 Augustus 2018 23:19

(vervolg) Daar gebeur ontsaglik baie dinge binne 'n baie kort tydjie en gevoelens kom deur wat my nog meer laat besef dat hier baie groter dinge aan die gang is as wat ons besef. **In die Hemele gebeur daar ontsaglike dinge deur die Gilgal Klipwiel wat vir ons verstande te klein is.**

JAHSHUA praat en daar kom koue wasem uit SY mond as HY praat, en ek is so dankbaar dat ek SYNE is, want ek sal dit nie kan hanteer om teen HOM te wees nie – SY Almag en Krag is verterend! En HY spreek dinge wat my tegelyk baie bly maak en ook bang, want daar word diep Hemelse dinge gesê wat ek nie verstaan nie en ek sien net JAHSHUA se mond beweeg maar ek besef die gewigtigheid van wat gesê word en dit is so, omdat dit vir my siel gesê is, maar my verstand mag dit nog nie weet nie. En die mooiste Liefdesdinge word vir my gesê en die mooiste dinge gaan deur my hart en gebeur met my en JAHSHUA sê ek moet skryf sodat ek die rekenaar kan neersit en ek saam met HOM dinge kan beleef wat ek nie kan skryf nie, omdat daar nie woorde voor is nie. En dan spreek JAHSHUA weer en HY sê:

"Salig is Hy/Sy wat Sy lewe vrygekoop het van die bose deur MY Krag en Liefde. MY Almag bevry van sonde en dood en elkeen wat die vryheid van MY kom vra sal dit verkry, sodat EK Jou na nuwe hoogtes kan neem waar ONS soos Geliefdes hand aan hand kan stap. EK en JY vir ewig aan MY Sy. Dan wys EK Jou dinge wat Jy nie met Jou mond kan uitspreek nie. EK gee Vreugde bo jou aardse verstand, Vrede bo jou aardse verstand en die verskillende geure van Die Liefde is onbeskryflik!

**EK raak Julle aan deur MY Klipwiel** wat 'n Geesteswiel word soos wat dit opgaan in MY Hemele en hier by ONS is dit die **selfwerksaamheid** vanself wat die Wiel draai!

Dan beweeg Ons met soveel spoed dat ALLES later ineenvloei en met die Grootste Krag verenig wat ALLES oombliklik vermag wat dit ookal wil! Daarvan wil Julle hê! Hiervan wil Julle proe! EK weet wat Julle sal geniet en wat goed is vir Julle en vertel Julle dat MY uitnodiging nie verniet is nie. EK spoor Julle hiermee aan om **deel te wees van MY Groot Mag en Krag deur werksaam te wees in MY Geesteswiel**!

"Kom jy net, EK sal Jou opneem en inneem en deel maak van MY Wiel as Jy bereid is en self wil. Draaiend sal Ons op die regte plek kom en groot dinge vermag - groter dinge as wat Julle Julleself kan voorstel, want die lewe op aarde is net tydelik en gaan verby, maar die Lewe hierna hou vir ewig aan en so sal dit wat geskep is deur Julle hier onder op die aarde ook vir ewig aanhou, omdat dit 'n diep Geesteswerk is wat vermag is deur Julle selfwerksame wil om MY te volg en die situasie in Julle eie geledere te verbeter.

Trek saam met MY! **Hou vas aan MY Lewende Woord** en sien hoe EK Julle by die eindpunt uitbring. Hier waar die selfwerksame **Wil heeltemal oorgegaan het in die Ewige beweging en Rus**.



**Dries Fourie:** Die gedeelte wat die kompas gehuisves het was baie stewig en het deel gevorm van die skip. Die bokant was rond en afhangende van die grootte van die kompas, party tot 1 meter in deursnee, was daar binne verskeie, ek gaan maar se ringe, (wiele), wat op die volgende manier gewerk het.

Die buite een het op die buitekant twee anker punte gehad presies regoor mekaar wat op twee mespunt stutte gele het en kon Dan vrylik beweeg (swivel), aan sy binnekant was die tweede ring se buitekant met die eerste gekoppel met twee anker punte soos die eerste een waarop die tweede een vrylik kon beweeg maar hierdie anker punte was 90 grade weg van die eerste ring se buite anker punte. So was daar verskeie ringe op dieselfde manier gekoppel, elkeen aan die buite en binnekante met mekaar gekoppel.

Hierdie gedeelte wat die kompas in was, was te alle tye waterpas, daarvoor het bg konstruksie gesorg. Maak nie saak hoe rof die see was nie - die kompas was 100% waterpas en vry van die beweging van die skip

